Tema: God het ons lief en daarom gaan dit altyd goed met ons.

Lofsang met die oog op die erediens
Sb 1-2: 1, 2, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied Sb 1-3: 1 (Mel Ps. 128 - 1)
Votum
Seën
Lofsang Sb 4-6: 1
Geloofsbelydenis: Lees Sb 12-2: 1, 2, 3 en sing verse 4 en 5

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: 1 Joh. 4: 7 - 10 en 1 Joh. 5: 1 – 5
Sing Sb 2-4: 3
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Romeine 8: 18 - 39
Teks: Romeine 8: 37
Sing Sb 3-3: 1, 2, 3, 4
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Losmaking en bevestiging van kerkraadslede
Sing Ps. 134-1: 4
Liefdegawes
Sing Sb 5-4: 1 (srs), 2 (brs), 3 (srs), 4 (brs), 5 en 6 (almal)
Seën
Amenlied: Sb 13-3.

Geliefde brs en srs

Horatio Spafford is die skrywer van die bekende Christelike lied “It is well with my soul”. (Dit gaan goed met my siel) Hy en sy vrou Anna het in Chicago, Amerika, gebly en was ŉ bekende prokureur en ouderling van die Presbiteriaanse kerk. Hulle het in hulle lewe ongelooflike terugslae en trauma beleef. Hulle eerste seuntjie is op tweejarige ouderdom dood waarna hulle 4 dogters gehad. Hy het baie eiendomsbeleggings gehad maar in 1871 breek ŉ groot brand in Chicago uit wat hom ŉ geweldige finansiële terugslag toegedien het. Hulle het deur ŉ swaar tyd gegaan en wou wegkom uit die neerdrukkende toestand en besluit om ŉ reis na Londen te onderneem waar hulle na ŉ bekende prediker wou gaan luister.

Op die laaste nippertjie moes Horatio sy reis uitstel en Anna en die 4 dogters klim alleen op ŉ skip na Engeland. Die skip het teen ŉ ander gebots en gesink en al 4 die dogters het verdrink. Anna vrou is gered en stuur vanuit Londen vir hom ŉ telegram met die boodskap “Saved alone”. Hy het dadelik op ŉ skip geklim om sy vrou te gaan haal. Op hierdie seereis, met die diepste smart in sy hart, het hy die lied “It is well with my soul” geskryf. Horatio wou die ongelooflike genade van God beklemtoon dat, te midde van die verskriklikste omstandighede, die gelowige innerlike vrede ervaar. Dit gaan altyd goed met ons

Hoe kan dit wees? Hoe kry gelowiges dit reg om te midde van die diepste smart te kan getuig dat dit steeds goed gaan! Brs en srs en kinders, ons teksverse openbaar die rede hiervoor: omdat God ons liefhet! Omdat God ons liefhet, kan ons alles oorwin, gaan dit altyd goed met ons!

Geliefdes, Paulus is in Romeine hoofstuk 8 besig om te skryf oor die nuwe lewe wat ons van God ontvang het. Dat God ons deur Christus van die lewe onder heerskappy van die sonde gered het deur Jesus as versoeningsoffer vir ons sonde te laat sterf. Nou leef ons as kinders van God ŉ nuwe lewe onder die leiding van die Heilige Gees. Ons is nou nie meer slawe van die sonde nie, maar kinders van God en erfgename van die heerlike dinge wat God aan ons gee! Ons lees is Rom. 8: 15 “Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: “Abba!” Dit beteken Vader” Ons lewe nou met vrede as kinders van God!

Maar geliefdes, die nuwe lewe wat God aan ons gegee het beteken nie dat gelowiges nie lyding sal verduur en baie swaar kan kry hier op aarde nie. Paulus sê dit in vers 17 en 18: Ons sal deel aan die lyding van Christus en vanaf vers 18 beskryf hy dan hoe swaar die gelowiges hier op aarde sal kry vanweë die sonde wat steeds in die wêreld leef en die gevolge daarvan in die lewe van gelowiges. Hy skryf

in vers 18 daar is lyding wat ons verstand te bowe gaan en dat ons maar net kan glo dat God dit vir ons ten goede sal laat werk!

Dis die lyding wat Horatio Spafford en al die gelowiges van alle eeue ook aan deel! Ook ons – ons vandag! Ook ek en jy in ons persoonlike lewe! Ons kan net soos Horatio daarvan getuig! Na hy en Anna se terugkeer is daar vir hulle nog drie kinders gebore waarvan die eerste seun weer vroeg op 4 jarige ouderdom oorlede is. ʼn Mens wil uitroep: Here, wat moet die arme mense nog beleef! Reeds 5 kinders verloor en nou weer!

Paulus beskryf hierdie lyding na liggaam en gees in vers 34 met die volgende woorde: benoudheid! Wat is dit? Kommer, angs, vrees wat die gelowige oorval! Dit kom vanweë dinge soos siekte, pyn, operasie, en ellende wat op ons pad kom. Paulus praat van vervolging: sekerlik ter wille van ons geloof! Dit ervaar ons al hoe meer vandag!

Dan noem hy honger en naaktheid! Hiermee verwys hy na materiële nood wat die gelowige kan oorval – jou werk verloor, nie meer geld om die rekeninge te betaal, nie genoeg lewensmiddele nie en die verskriklike lyding wat dit meebring! En dan ook die dood – gevaar of swaard! Ook daarvan kan ons vandag al hoe meer getuig met die gevaarlike situasie waarin leef en jy nêrens meer veilig voel nie! Nie eens in jou eie huis nie!

Paulus het hierdie lyding en swaarkry aan sy eie lyf ervaar. Gaan lees maar in 2 Kor. 11 en 12 van al hierdie dinge wat hom as gelowige oorgekom het! Daarom dat hy ook uit Ps. 44 aanhaal waar die volk by die Here huil oor die verskrikking van die ballingskap wat hulle getref het en dat die volk beleef het dat daar ʼn slagting onder plaasvind soos slagskape by ʼn slagpale!

Brs en srs en liewe kinders! Waarom gebeur hierdie dinge? Paulus vra: “Wat is ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? “ Oor al die lyding? Wat is die Satan se plan met al die swaarkry en beproewing wat hy op ons pad bring. Hy wil skeiding tussen ons en God bewerk. Hy wil laat die swaarkry so groot in ons gedagtes en lewe kom staan dat ons God en sy liefde nie meer kan raaksien nie! (Wys skyfie 1) . Dit is sy doel – hoe verder hy jou van God kan trek – hoe meer gaan vrees, angs, moedeloosheid en wanhoop jou vasgryp, want jy sien naderhand net jou lyding raak en nie meer vir God en sy liefde nie!

Maar wat is God se plan met lyding in ons lewe! Wat is ons gevolgtrekking oor God en ons swaarkry? Het God ons vergeet? Dink die Here nie meer aan ons soos die volk in Psalm 44 vra nie? Nee! Wat is God se plan? Paulus jubel dit uit: Hy laat ons daaroor oorwin! Omdat Hy ons liefhet en aan ons kant is! Dit was sy plan reg van die begin! Ons lees dit in Johannes 3:16 “God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy

enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê".

Dit is God se plan – Hy wou sy liefde aan ons bewys! En hoe doen Hy dit? Deur die hoogste prys te betaal wat enige iemand kan betaal: Vers 32: "Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?" Geliefdes, is daar iets na Christus as God se offer wat Hy ons dan sou weier? Het Hy nie alreeds die hoogste prys betaal nie?

God het ons van die sondedood gered en aan ons 'n nuwe lewe gegee! En wat is "al die ander dinge" waarvan Paulus praat? Natuurlik God se sorg, sy beskerming, sy krag en genade wat jou dra sodat jy ook oor swaarkry en lyding kan oorwin! Hoe oorwin? Deur midde jou lyding die ongelooflike vrede van God te ervaar! Deur te weet: die Here sal my nie in die steek laat of my alleen los nie! Die Here sal my dra en krag gee! Hy sal my optel en my red!

Geliefdes, so laat God ons oor ons swaarkry en lyding oorwin! Nie deur ons altyd daarvan te verlos nie, maar ons midde die lyding, midde die swaarkry die vaste geloof te gee dat God met ons is en dat Hy my sal dra! Dat nie die lyding vir my die grootste faktor word nie, maar God my Vader! (wys skyfie 2). Met God in die oog oorwin ek die vrees vir lyding en swaarkry! Tree ek as oorwinnaar uit die stryd – al ly ek nog swaar! Steeds kan ek sê: dit gaan goed met my siel!

Die vraag is: hoe kry ek dit reg! Hoe laat God hierdie oorwinning in my hart gebeur! Deur die kragtige en troosvolle werking van die Heilige Gees. Paulus beskryf dit in vers 26: "Die Gees staan ons in ons swakheid by". God se genade en liefde gaan veel verder as die kruis van Christus – Hy maak dit volkome en oorvloedig deur die Heilige Gees wat in ons woon! Dit is die Gees van God wat in ons bomenslike krag, boverstandelike vrede en diepe troos bring!

Dit is die Heilige Gees wat jou altyd deur die Woord herinner aan wat God vir jou gedoen het! Hoe God sy liefde onbetwisbaar in Christus vir jou gegee het en hoe God in sy Woord belowe dat niks jou van sy liefde kan skei nie! Die Satan sal nie in sy strategie slaag nie – al moet jou ook sterf – God neem die verskrikking van die dood weg en gee aan jou die ewige lewe!

Dit is waarom Paulus kan jubel: (wys skyfie 3) Brs en srs kom ons almal lees hierdie jubeling hardop saam, hierdie oorwinning van die gelowige: "[38]Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte [39]of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here."

So laat God ons oorwin oor die lyding wat op ons pad kom! Ja, daar is in ons lewe ook tye van diep lyding en swaarkry! Miskien beleef jy vandag op een of ander manier iets daarvan! Maar deur God se genade kan ek en jy ook vandag dankbaar jubel: ons is meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefhet! Ons kan sê: dit is wel met my siel

Geliefde br. en sr en liewe kind: wat ook al in jou lewe aangaan - mag die Here ons vanmore weer opnuut oortuig van sy liefde in Christus en die Heilige Gees sodat ek en jy ook kan sê: “It is well with my soul”!

Amen